# Die Byekorf

2017/08/23 Standerton Akademie

27/17


Geagte ouers

### Ouerinligtingsaand

Baie dankie aan al ons ouers wat die inligtingsaand van Gromar en Lucia van Wyk bygewoon het.  Dankie vir u bydrae tot hierdie suksesvolle aand.

### Kleuterskool uitstappie

Die skool onderneem om al ons kleuterskool leerlinge op 'n uitstappie te vat op 7 September 2017 na die pretpark by Lake Umuzi te Secunda.  Leerlinge betaal R60 per kind wat dan die kospakkie en uitstappie insluit. Ouers moet asseblief seker maak dat die vrywaringsvorms by die verskeie onderwysers geteken word.  Die kinders word vergesel deur 4 onderwysers asook die hoof en daarom kan ouers gerus wees dat daar goeie toesig sal wees.  Dankie vir Tinus de Jager wat hierdie uitstappie organiseer.

**Andries Vermeulen**:  Sien foto's op D6

Baie dankie aan al ons ouers wat ons so goed ondersteun het tydens hierdie aand.  Daar was ongeveer 300 gaste wat die aand saam met ons geniet het.  Baie dankie aan Madeleen, Tronell en Loezytha wat vir ons voor geloop het.

### SA Redenaars

Baie geluk aan al die redenaars wat die afgelope naweek te Lichtenburg deelgeneem het.  Ons is ongelooflik trots op hierdie leerlinge.  Die uitslae is as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gr 1 | : | Johanco Griesel | (Goud) |
| Gr 1 | : | Jean-Roux Flack | (Silwer) |
| Gr 1 | : | Bismarck Fischer-Gerber | (Brons) |
| Gr 2 | : | Calla Hancke | (4de) |
| Gr 2 | : | Leo Bester | (8ste) |
| Gr 3 | : | Daniel Roberts | (9de) |
| Gr 6 | : | Maritz Hancke | (5de) |





### Krieket

Sterkte aan Stiaan, Ethan en Daniel wat eerskomende naweek krietket wedstryde speel te Marmer.



### Kultuurfees

Baie geluk aan Vic en Carel wat met hul stuk (monsters) so goed presteer het tydens die nasionale kultuurfees.

### Standerton Akademie Sport- en rugsakke



Bestellings kan vanaf vandag by Daleen en Marinda geplaas word vir Standerton Akademie toerusting.  Hierdie sakke word na betaling op bestelling geplaas teen R280 per rugby sak en R160 per rugsak (Sien foto).

**Koekverkoping:** 1 September 2017

Alle Gr 2 en Gr 4 leerlinge asook die 4 jarige klas se ouers word versoek om 2 dosyn eetgoedjies te stuur vir ons kwartaallikse koekverkoping. Baie dankie dat ons op u samewerking kan staat maak.

**Atletiek Kursus**

Alle atlete van ons skool begin reeds in die 4de kwartaal met atletiek oefeninge. Ons gaan ook 'n kursus aanbied op Vrydag, 3 November 2017 vanaf 13:00. Alle ouers wat belang stel om die kursus by te woon moet asseblief die afskeurstrokie voltooi en nie later as 22 September 2017 na die skool stuur. Daar sal 'n beampte, baan en veld kursus aangebied word. Dui asseblief vir ons aan watter kursus u gaan bewoon.

**Musiek Pret: Noot vir noot aand :** 14 Oktober 2017 om 18:00

Ouers is reeds geidentifiseer om as gasvrouens tydens hierdie aand op te tree. Kaartjies sal eersdaags beskikbaar wees teen R200 per persoon.

**Verjaarsdae**

Baie geluk aan al ons leerlinge, ouers en onderwysers wat vanaf 23 tot 29ste Augustus verjaar. Mag die Here u seën.

| Leerlinge | Ouers en Onderwysers |
|---|---|
| | 27 Augustus : Anné Pretorius<br>29 Augustus : Hennie Kotze |

**Belangrike datums ( Volledige lys datums by kalender op D6)**

GROETE

S. Swanepoel

# Hoedjies te koop teen R50 elk.







